Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

5 Mei 2025

Geagte Ouers/Voogde en Leerders

Welkom terug na ‘n heerlike week van rus. Ons hoop dat u en u kind saam met ons uitsien na die tweede deel van kwartaal 2.

Dit is uiters belangrik dat ons u as ouers en leerders betyds en volledig inlig rakende die akademiese verloop van die kwartaal en die beperkte beskikbare tyd vir onderrig. Daarom is onnodige afwesighede ‘n faktor wat in hierdie kwartaal in ‘n baie ernstige lig beskou moet word.

**Die graad 10- tot 12-leerders het slegs 3 weke voordat die Junie-eksamen vir hul op 26 Mei 2025, begin. Vir graad 8- en 9-leerders, is daar slegs 4 weke van skool voordat hul ook met die Junie-eksamen op 2 Junie 2025, begin. Vir alle leerders in graad 8 tot 12, eindig die Junie-eksamen op 20 Junie 2025.** Hierdie eksamenrooster is reeds volledig op die JV-kalender en per brief aan u deurgegee; berei asseblief deeglik en betyds voor vir elke vraestel.

**Die week na afloop van die eksamen, 23 tot 27 Junie 2025, voordat die skool sluit op 27 Junie, is ‘n week waar skoolbywoning verpligtend is en uiters belangrik is vir elke leerder.**
Vir hierdie week is n spesiale skoolrooster opgestel met 1.5 uur- tot 3 uur-sessies vir elke vak waarin u kind eksamen geskryf het. Tydens hierdie sessies sal die volgende in elke vak gedoen word :

- Leerders sal alle antwoordstelle terug ontvang en alle punte kontroleer.
- Vraestelle van elke vak sal aan die leerder uitgedeel word.
- Memorandums vir elke vak en vraestel sal volledig met leerders behandel word.
- Leerders sal in die skrif van die betrokke vak, die volledige memorandum van die vraestel neerskryf, sodat hul kan leer uit hul foute en weet waar om te verbeter.
- Enige navraag of onsekerheid rakende vraestelle, punte en optelwerk, sal SLEGS in hierdie week hanteer word.

Ons is oortuig daarvan dat hierdie proses tot voordeel van elke leerder sal wees, aangesien dit sinvol is om vraestelle te behandel terwyl die vrae en leerders se antwoorde, nog vars in die leerders se geheue is. Leerders kan dan in kwartaal 3 onmiddellik begin met die nuwe kwartaal se werk. Matriekleerders sal ook tydens die Winterskool presies weet waar hul tekortkominge lê en kan daaraan werk voor die Voorbereidende Eksamen.

Ons maak staat op u ondersteuning tot voordeel van ons kinders.

Die uwe

A DOWD
HOOF

E OLWAGE
ADJUNKHOOF AKADEMIE